# Afrikaans Gekontroleerde Toets:
## Kwartaal 2

**Leerder Naam:** ____________________ **Skool Naam:** ________________________

**Graad:** ____________________________ **Datum:** ______________________________

Eksaminator: _____________________ Moderator: ________________________

**60 minute** **40 punte**

### Instruksies:

1. Maak asseblief seker dat jou toets volledig is.
2. Alle vrae moet beantwoord word.
3. Skryf netjies en leesbaar.
4. Sterkte!

### Hierdie vraestel bestaan uit 4 Afdelings.

| | | Punte toekenning | Leerder Punte |
|---|---|---|---|
| Afdeling A | Literêre teks | 13 | |
| Afdeling B | 'n Gedig | 10 | |
| Afdeling C | 'n Opsomming | 7 | |
| Afdeling D | Taal in konteks | 20 | |


LIVEWORKSHEETS

## Afdeling A: Literêre Teks [13]

### ‘n Ma se Hartklop

Lisa het vinnig oor die skool se sportveld gestap. Vandag was een van daardie dae waar alles verkeerd geloop het. Sy het ‘n wiskundetoets gedruip, haar beste vriendin, Mila, het die hele dag skaars ‘n woord met haar gepraat, en om alles te kroon, het haar ma haar vanoggend geskel oor haar slordige kamer.

By die huis het sy die voordeur oopgestamp en haar tas in die hoek neergegooi. Sy was smoorkwaad. “Ma verstaan my net glad nie!” het sy gemor en haar skouers laat sak soos ‘n ballon waaruit die lug ontsnap.

Tannie Elsa het van die kombuis af nader gestap met ‘n koppie tee in haar hand. “Wat is fout, my kind?” het sy sag gevra.

Lisa het haar arms oor haar bors gevou en haar gesig weggedraai. “Ag, niks nie! Ma moet net ophou om my heeltyd te irriteer.”

Tannie Elsa het haar dogter dopgehou met ‘n sagte glimlag. Sy onthou hoe sy self as tiener gevoel het—soms verlore, soms kwaad vir die wêreld en veral vir haar ma. “Kom, drink ‘n koppie tee saam met my,” het sy sag gesê en na die stoel langs haar aangedui.

Lisa het diep gesug en haar oë gerol, maar tog by die kombuistafel gaan sit. “Ek weet Ma wil my net help, maar ek voel soms of Ma my nie verstaan nie,” het sy gefluister terwyl sy aan die rand van haar koppie pluk.

Tannie Elsa het haar hand oor Lisa s’n gesit. “Ek weet jy dink ek is oud en verstaan nie, maar ek was ook ‘n tiener, my kind. Ek verstaan meer as wat jy dink.”

Lisa het geknik en haar oë was vol trane. “Ek mis net hoe dinge vroeër was, toe alles makliker gevoel het.”

Tannie Elsa het sag geglimlag. “Die lewe is soos ‘n rivier – dit vloei aan, en soms is die stroom sterk. Maar onthou, jy is nooit alleen daarin nie.”

Lisa het ‘n klein glimlaggie gegee en haar ma ‘n drukkie gegee. “Ek sal probeer om nie so kwaai te wees nie.”

Tannie Elsa het haar dogter se hare liggies agter haar oor gestreel. “Jy weet, Lisa, toe ek so oud soos jy was, het ek en my ma ook gedurig vasgesit. Ons het gestry oor my kamer, my huiswerk en selfs my vriende.”

Lisa het opgeflikker. “Regtig? Wat het Ouma altyd gesê?”


besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

Tannie Elsa het gegrinnik. “Sy het altyd gesê ek is ‘n regte kopseer, maar op die ou einde het ons altyd vrede gemaak. Sy het ook altyd gesê: ‘Die appel val nie ver van die boom af nie.’”

Lisa het gelag. “Wel, as ek en Ma dieselfde is, maak dit eintlik sin dat ons soms verskil, né?”

Tannie Elsa het geknik. “Presies! Dit beteken nie ons is nie lief vir mekaar nie. Dit beteken net ons is menslik.”

Lisa het stadig haar tee gesluk en toe met ‘n laggie gesê: “Goed, ek sal probeer om nie so ‘n kopseer te wees nie.”

Tannie Elsa het gelag. “Ek waardeer dit. En ek sal probeer om nie te veel ‘n hen te wees wat oor jou kloek nie!”

Hulle het albei begin giggel, en vir die eerste keer dié dag het Lisa beter gevoel.

## Beantwoord die volgende vrae:

1. **Watter tipe teks is hierdie? (1)**

   a. Fabel

   b. Koerantberig

   c. Advertensie

   d. Storie

2. **Waarom was Lisa so ontsteld toe sy van die skool af kom? (1)**

   ________________________________________

3. **Hoe het sy gevoel toe sy by die huis instap? Gebruik ‘n intensiewe vorm uit die storie om jou antwoord te motiveer. (2)**

   ________________________________________

   ________________________________________

4. **Hoe het tannie Elsa probeer om Lisa se bui te verbeter? (2)**

   ________________________________________

   ________________________________________


LIVEWORKSHEETS

5. Wat beteken die idioom: "Die appel val nie ver van die boom af nie" in die konteks van hierdie verhaal? (1)

______________________________________________

6. Hoe weet ons dat tannie Elsa begrip vir Lisa se situasie het? (1)

______________________________________________

7. Hoe verander Lisa se houding teenoor haar ma teen die einde van die verhaal? (1)

______________________________________________

8. Wat simboliseer die vergelyking van die lewe met 'n rivier? (1)

______________________________________________

9. Lees die volgende uitdrukking: "Jy is 'n kopseer" (2)

   Word die uitdrukking letterlik of figuurlik gebruik in hierdie verhaal? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________

10. Wat dink jy is die belangrikste les wat Lisa in hierdie verhaal leer? (1)

______________________________________________



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

## Afdeling B: 'n Gedig [10]

Lees die onderstaande gedig, en beantwoord die vrae wat volg:

Met ‘n pleister in die sak,
of ‘n pynstropie byderhand.
My toebroodjies sorgvuldig in my skooltas gepak,
huis altyd netjies en aan die kant.

Mamma vee die trane af
wanneer my hart so seer is,
of as ek alweer geval het, my knieë sommer nerf-af,
met ‘n stywe drukkie en ‘n sopnat kus.

Soms raak mamma kwaad,
soos wanneer my klere alweer rondlê.
Maar sy gee die beste raad,
ek kan maar luister na wat sy sê.

Sy help my met my skoolwerk
en maak seker ek leer vir daardie Wiskunde toets.
Sy hou die skermtyd beperk.
Maar, sy het ook tyd vir grappies, en bak gereeld met my ‘n poets!

Aan al die mammas daar buite,
julle is ysters!
Al kom daar elke nou en dan ‘n sokkerbal deur jul ruite,
julle is werklik vasbyters!


LIVEWORKSHEETS

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)

___

2. Hoeveel verseëls is in elke strofe? (1)

___

3. Gee een voorbeeld van enjambement uit die gedig. (1)

___

4. Wat doen die mamma in die gedig om vir haar kind te sorg? (3)

   Noem drie dinge.

___

___

___

5. Watter rymskema word gebruik in die gedig? (1)

___

6. Wat beteken dit om iemand 'n "poets" te bak? (Versreël 16.) (1)

___

7. Kies die regte sinoniem vir die woord "soms". (Versreël 9) (1)

   a. Altyd

   b. Nooit

   c. Partykeer

   d. Elke Sondag

8. Wat beteken Versreël 15? (1)

___



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

## Afdeling C: Opsomming [7]

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

## Instruksies:

1. Som die teks in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf jou sinne puntsgewys neer.
3. Nommer jou sinne van 1-7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### Feiter oor Ma's

'n Ma speel 'n belangrike rol in 'n kind se lewe, nie net deur vir hulle te sorg nie, maar ook deur hulle te leer oor waardes, respek en verantwoordelikheid. Sy is dikwels die een wat kinders troos wanneer hulle hartseer of seergemaak is, en haar woorde en optrede help om kinders se selfvertroue te bou. Ma's bied leiding en ondersteuning en help hul kinders om hul drome en doelwitte te bereik.

Elke dag neem 'n ma verskeie rolle aan – sy is 'n versorger, 'n raadgewer, 'n onderwyser en dikwels selfs 'n beste vriend. Haar daaglikse take sluit in om kos voor te berei, klere skoon te hou en 'n veilige en liefdevolle huis te skep. Baie ma's

werk ook voltyds en balanseer hul werk met hul gesinslewe, wat wys hoe sterk en veerkragtig hulle is.

Ma's bied ook emosionele ondersteuning. Hulle luister wanneer kinders hul probleme deel en help hulle om oplossings te vind. Selfs wanneer ma's streng is, is dit omdat hulle die beste vir hul kinders wil hê en hulle wil help om verantwoordelike volwassenes te word.

Daar is verskeie maniere om 'n ma te wys jy waardeer haar. Eenvoudige dinge soos om haar met take te help, haar 'n drukkie te gee of 'n dankie-boodskap te skryf, kan 'n groot verskil maak. 'n Selfgemaakte geskenk of 'n spesiale dag saam met haar kan ook wys hoe belangrik sy vir jou is.


LIVEWORKSHEETS

Moedersdag word wêreldwyd gevier om ma's te eer en te wys hoe belangrik hulle is. Hierdie spesiale dag word op verskillende datums regoor die wêreld gevier, maar in Suid-Afrika is dit op die tweede Sondag in Mei. Op hierdie dag wys mense hul waardering deur blomme, geskenke of kaartjies te gee, en sommige gesinne spandeer tyd saam om hul ma spesiaal te laat voel.

| Kriteria: | Punte Toekenning |
|---|---|
| Feite – Dekking van die belangrikste punte (7 punte) | **7** |
| Swak taalgebruik | **-1** |
| Verkeerde Formaat:<br>(bv. paragraafvorm) | **-1** |
| Swak opsomming, verkeerde feite, onsamehanged | **-1** |
| Aantal woorde is heeltemal te veel of te min. | **-1** |
| Aantal woorde word nie aangedui nie. | **-1** |
| **Totaal:** | **7** |

**Beplan jou opsomming en maak nodige veranderinge:**



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

**Skryf nou jou finale opsomming:**

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

## Afdeling D: Taal in Konteks **[20]**

Lees weer die uitreksel uit die teks in Afdeling A, en beantwoord die vrae:

### 'n Ma se Hartklop

Lisa het vinnig oor die skool se sportveld gestap. Vandag was een van daardie dae waar alles verkeerd geloop het. Sy het 'n wiskundetoets gedruip, haar beste vriendin, Mila, het die hele dag skaars 'n woord met haar gepraat, en om alles te kroon, het haar ma haar vanoggend geskel oor haar slordige kamer.

By die huis het sy die voordeur oopgestamp en haar tas in die hoek neergegooi. Sy was smoorkwaad. "Ma verstaan my net glad nie!" het sy gemor en haar skouers laat sak soos 'n ballon waaruit die lug ontsnap.

Tannie Elsa het van die kombuis af nader gestap met 'n koppie tee in haar hand. "Wat is fout, my kind?" het sy sag gevra.

Lisa het haar arms oor haar bors gevou en haar gesig weggedraai. "Ag, niks nie! Ma moet net ophou om my heeltyd te irriteer."

Tannie Elsa het haar dogter dopgehou met 'n sagte glimlag. Sy onthou hoe sy self as tiener gevoel het—soms verlore, soms kwaad vir die wêreld en veral vir haar ma. "Kom, drink 'n koppie tee saam met my," het sy sag gesê en na die stoel langs haar aangedui.

**1. Skryf die onderstreepte sin in die teks in die teenwoordige tyd.** **(1)**

_______________________________________________



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

2. Gee **sinonieme** vir die volgende woorde uit die teks: (3)

a. Kla - ______________________________

b. Loop - ______________________________

c. Woedend - ______________________________

3. Gee die **verkleining** van glimlag. (1)

______________________________________________________________________

4. Soek, en skryf 'n **eienaam** vanuit die teks.

______________________________________________________________________

5. Onderstreep die woordsoorte in die volgende sinne: (3)

a. Drink 'n koppie tee saam met my. **(werkwoord)**

b. Ag, niks nie! Ma moet net ophou om my heeltyd te irriteer." **(tussenwerpsel)**

c. Tannie Elsa het van die kombuis af nader gestap met 'n koppie tee in haar hand. **(voorsetsel)**

6. Lees die sin en dui die dele van STOMPI aan: (6)

Mila het die hele dag skaars 'n woord met haar gepraat.

a. **Onderwerp**: ______________________________

b. **Werkwoord 1 & 2**: ______________________ ______________________

c. **Tyd**: ______________________________

d. **Voorwerp**: ______________________________

e. **Wyse**: ______________________________

7. Gee 'n **antoniem** vanuit die teks vir:

a. vergeet - ______________________________

b. netjiese - ______________________________

8. Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**: Ma vra: "Wil jy 'n koppie tee hê?" (2)

______________________________________________________________________



LIVEWORKSHEETS